Aansoeke nou oop: Kaap Agri Akademie Boerderyontwikkelingsprogram

Die Kaap Agri Akademie bemagtig boere met vaardighede, inligting en ervaring om suksesvolle kommersiële boere te word.

Ons aanvaar nou aansoeke vir die volgende kursusse:

- **Gemengde boerdery (NQF 2)**
- **Diereproduksie (NQF 3)**
- **Plantproduksie (NQF 3)**

Elke kursus bestaan uit twee dele: sakepraktyk en boerderypraktyk. Studente word toegerus met relevante kennis oor landbou- en nywerheidstandaarde, en doen ook praktiese ervaring en kennis op oor suksesvolle, volhoubare boerdery en beste praktyk.

Wie kan aansoek doen?
Opkomende boere wat SA burgers is, betrokke is by boerderypraktyk in die Wes-Kaap en wat toegang tot grond het – hetsy hulle eie of wat hulle huur.

E-pos kaacademy@kaapagri.co.za vir 'n aansoekvorm.
Sperdatum vir die indiening van aansoeke: 31 Januarie 2020.

Die Kaap Agri Akademie is in 2009 gestig en bied hoë gehalte opleidingsprogramme aan opkomende boere en landbouwerkers. Meer as 300 opkomende boere is tot dusver opgelei waarvan baie nou groot, suksesvolle kommersiële ondernemings bedryf en tot indiensneming in die sektor bydra.

KAAP AGRI AKADEMIE

www.kaapagri.co.za